
**511 Wie op die Heer vertrou in lyding**




Wag op die troue Heer in lyding,
en swyg voor God, ootmoedig, stil.
Sy raad verseker wyse leiding;
dis goed en heilig, soos Hy wil.
Vertrou gerus op God se raad;
Hy weet wat ons die meeste baat.

Rig vrolik op Gods weg jou skrede
en neem jou plig getrou in ag;
Hy hoor ons smeek- en dankgebede,
en seën hul wat biddend wag.
Wie kinderlik op God vertrou,
het seker nie op sand gebou.

Georg Neumark (1621-81) G. Neumark (1621-81)